


EXTRAORDINARY

BUITENGEWONE



THE UNION OF SOUTH AFRICA

Government Gazette

Staatskoerant

VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA

[Registered at the General Post Office as a Newspaper.]

[Geregistreeer by die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.]

VOL. CXLVIII.] **PRICE 6d.**

CAPE TOWN, 6TH JUNE, 1947.
KAAPSTAD, 6 JUNIE 1947.

PRYS 6d. [No. 3829.

OFFICE OF THE PRIME MINISTER.

The following Government Notice is published for general information:—

No. 1188.] [6th June, 1947.

It is hereby notified that His Excellency the Governor-General has been pleased to assent to the following Acts, which are hereby published for general information:—

	PAGE
No. 26 of 1947: Orchards and Cultivated Plants Cleansing Act, 1947	ii
No. 27 of 1947: Excise Amendment Act, 1947 ..	x
No. 28 of 1947: Government Service Pensions Amendment Act, 1947 ..	xii
No. 29 of 1947: Special Taxation Amendment Act, 1947	xviii
No. 30 of 1947: War Measures Repeal Act, 1947	xxii
No. 31 of 1947: Disability Grants Amendment Act, 1947	xxiv
No. 32 of 1947: Railway Construction Act, 1947	xxviii

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER.

Onderstaande Goewermentskennisgewing word ter algemene inligting gepubliseer:—

No. 1188.] [6 Junie 1947.

Hierby word bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om sy goedkeuring te heg aan onderstaande Wette wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:

	BLADSY
No. 26 van 1947: Wet op die Skoonmaak van Boorde en Gekweekte Plante, 1947	iii
No. 27 van 1947: Wysigingswet op Aksyns, 1947 ..	xi
No. 28 van 1947: Wysigingswet op Regeringsdienspensioene, 1947	xiii
No. 29 van 1947: Wysigingswet op Spesiale Belastinge, 1947	xix
No. 30 van 1947: Wet tot Herroeping van Oorlogsmaatreëls, 1947	xxiii
No. 31 van 1947: Wysigingswet op Ongeskiktheidstoelaes, 1947	xxv
No. 32 van 1947: Spoorwegaanlegwet, 1947 ..	xxix

No. 26, 1947.]

ACT

To provide for the cleansing of orchards and cultivated plants of insect pests and plant diseases.

(Afrikaans Text signed by the Governor-General.)

(Assented to 2nd June, 1947.)

BE IT ENACTED by the King's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

Definitions.

1. In this Act, unless the context otherwise indicates—

“insect pest” means any insect or other invertebrate animal which is injurious to fruit trees or cultivated plants;

“inspector” means an inspector appointed under section *five*;

“local authority” means any divisional council, municipal council, borough council, town council or village council, or any town board, village management board, local board, health board or health committee;

“Minister” means the Minister of Agriculture and Forestry;

“occupier” in relation to land means the person having for the time being the legal right of occupation thereof, whether as owner, lessee, possessor *precario tenens* or otherwise, and in relation to land under the control of a local authority, that local authority, but does not include a labour tenant or a squatter as defined by section *forty-nine* of the Native Trust and Land Act, 1936 (Act No. 18 of 1936);

“orchard” means any fruit tree or collection of fruit trees;

“owner” in relation to land means the person in whose name the land is registered or in whom the ownership of the land is vested and includes a person who holds Crown land under lease, licence or allotment from the Crown with an option to purchase such land; and in relation to land under the control of a local authority, that local authority;

“plant disease” means any bacterial, fungus or virus disease which is injurious to fruit trees or cultivated plants.

Proclamation of areas in which the cleansing of orchards and cultivated plants of insect pests and plant diseases shall be compulsory.

2. (1) Whenever—

(a) the magistrate of the district in which any area is situate has transmitted to the Minister—

(i) a written request that the cleansing of orchards or of any specified cultivated plants in that area of any specified insect pest or plant disease be made compulsory upon owners and occupiers of land situate within that area, together with a certificate signed by the magistrate stating that he is satisfied that the written request has been signed by at least two-thirds of the owners of land situate in that area on each of whose land there are at least fifty fruit trees, or, as the case may be, on whose land cultivated plants of the kind specified are growing or have been grown within a period of two years preceding the date of the written request; or

(ii) a copy of a resolution referred to in section *three* recommending that the cleansing of orchards or of any specified cultivated plants in that area of any specified insect pest or plant disease be made compulsory upon owners and occupiers of land situate within that area, together with a certificate signed by the magistrate stating that the provisions of the said section *three* have been duly complied with and that the resolution was adopted in accordance with the said provisions; or

No. 26, 1947.]

WET

Om voorsiening te maak vir die skoonmaak van boorde en gekweekte plante van insekteplae en plantsiektes.

(Afrikaanse Teks deur die Goewerneur-generaal geteken.)
(Goedgekeur op 2 Junie 1947.)

DIT WORD BEPAAL deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, **Woordbepaling.** beteken—

„insekteplaag” enige insek of ander ongewerwelde dier wat skadelik is vir vrugtebome of gekweekte plante;

„inspekteur” ’n kragtens artikel vyf aangestelde inspekteur;

„plaaslike bestuur” ’n afdelingsraad, munisipale raad, stadsraad of dorpsraad, of ’n stadsbestuur of dorpsbestuursraad of plaaslike bestuur, gesondheidsraad of gesondheidskomitee;

„Minister” die Minister van Landbou en Bosbou;

„bewoner” met betrekking tot grond, die persoon wat alsdan die wetlike reg van bewoning daarvan besit hetsy as eienaar, huurder, besitter *precario tenens* of andersins, en met betrekking tot grond onder die beheer van ’n plaaslike bestuur, daardie plaaslike bestuur, dog omvat nie ’n plakker-diensbode of plakker soos by artikel *negen-en-veertig* van die Natureltrust en -grond Wet, 1936 (Wet No. 18 van 1936), omskryf nie;

„boord” enige vrugteboom of versameling van vrugtebome;

„eienaar” met betrekking tot grond, die persoon in wie se naam die grond geregistreer is of by wie die eiendomsreg op die grond berus en ook iemand wat Kroongrond onder huurkontrak, lisensie of toekenning van die Kroon met die opsie om bedoelde grond te koop, hou, en met betrekking tot grond onder die beheer van ’n plaaslike bestuur, daardie plaaslike bestuur;

„plantsiekte” enige bakteriese, swam- of smetsiekte wat skadelik is vir vrugtebome of gekweekte plante.

2. (1) Wanneer—

(a) die magistraat van die distrik waarin ’n gebied geleë is, aan die Minister—

(i) ’n skriftelike versoek deurgestuur het dat die skoonmaak van boorde of van vermelde gekweekte plante in daardie gebied van enige vermelde insekteplaag of plantsiekte verpligtend gemaak moet word op eienaars en bewoners van grond wat binne daardie gebied geleë is, tesame met ’n deur die magistraat ondertekende sertifikaat waarin vermeld word dat hy oortuig is dat die skriftelike versoek deur minstens twee-derdes van die eienaars van grond wat binne daardie gebied geleë is en op die grond van elkeen waarvan daar minstens vyftig vrugtebome is of, na gelang van die geval, op wie se grond van die vermelde soort gekweekte plante groei of binne ’n tydperk van twee jaar onmiddellik voor die datum van die skriftelike versoek, gegroei het, onderteken is; of

(ii) ’n afskrif van ’n in artikel drie bedoelde besluit deurgestuur het waarin aanbeveel word dat die skoonmaak van boorde of van vermelde gekweekte plante in daardie gebied van enige vermelde insekteplaag of plantsiekte verpligtend gemaak moet word op eienaars en bewoners van grond wat binne daardie gebied geleë is, tesame met ’n deur die magistraat ondertekende sertifikaat waarin vermeld word dat die bepaling van bedoelde artikel drie behoorlik nagekom is, en dat die besluit ooreenkomstig bedoelde bepaling aangeneem is; of

Proklamasie van gebiede waarin die skoonmaak van boorde en gekweekte plante van insekteplae en plantsiektes verpligtend is.

- (b) the secretary of the divisional council within whose area of jurisdiction any area is situate has transmitted to the Minister a copy of a resolution passed by the divisional council recommending that the cleansing of orchards or of any specified cultivated plants in that area of any specified insect pest or plant disease be made compulsory upon owners and occupiers of land situate within that area, together with a certificate signed by the secretary of the divisional council stating that the resolution was passed by the council in accordance with its rules of procedure, that notice of the resolution was published not less than three times in both the Afrikaans and English languages in one or more newspapers circulating in that area, and that not less than thirty days elapsed between the date on which the notice was first published and the date on which the resolution was passed ; or
- (c) the Minister is of opinion that it is expedient that in any area the cleansing of orchards or of any cultivated plants of any insect pest or plant disease be made compulsory upon owners and occupiers of land situate within that area,

the Governor-General may, by proclamation in the *Gazette*, declare that such an area shall be an area in which the cleansing of orchards or, as the case may be, of the said cultivated plants of the insect pest or plant disease in question, shall be compulsory upon owners and occupiers of land situate within the said area.

(2) The Governor-General may from time to time and in like manner withdraw any proclamation issued under sub-section (1), or he may suspend such proclamation for such period as he may deem fit, or in relation to such portion of the area as he may specify.

Meetings of
owners.

3. (1) Whenever there is received by the magistrate of a district a written request which he is satisfied has been signed by not less than twelve owners of land situate in an area within that district, and on which there are orchards or cultivated plants, that a meeting of owners of land situate within that area and on which there are orchards or on which cultivated plants are growing or have been grown within a period of two years preceding the date of the proposed meeting, be convened to consider a resolution recommending that the cleansing of orchards or of any specified cultivated plants in that area of any specified insect pest or plant disease be made compulsory upon owners and occupiers of land situate within that area the magistrate shall convene such a meeting for that purpose.

(2) The magistrate shall cause notice of the meeting and the purpose for which it is convened to be published not less than three times in both the Afrikaans and English languages in one or more newspapers circulating in the said area.

(3) The notice referred to in sub-section (2) shall be first published on a date not less than thirty days preceding the date fixed for the meeting.

(4) The magistrate of the district, or some person authorized by him, shall preside at the meeting and submit the proposed resolution to the meeting.

(5) The person presiding may adjourn the meeting from time to time.

(6) A resolution submitted to a meeting in terms of sub-section (4) shall be deemed to have been adopted if at least two-thirds of the votes cast in accordance with the provisions of sub-sections (7) and (8) are cast in favour of the resolution.

(7) Every person attending the meeting who, in the opinion of the person presiding, is the owner of land situate within the area concerned and on which there is an orchard or, as the case may be, on which cultivated plants of the kind specified in the resolution are growing or have been grown within a period of two years preceding the date of the meeting, shall be entitled to vote on the proposed resolution.

(8) Not more than one vote shall be cast by any one person.

(9) The meeting may pass a resolution recommending that the cleansing of orchards or, as the case may be, of any specified cultivated plants in only a portion of the area referred to in

- (b) die sekretaris van die afdelingsraad in wie se regsgebied 'n gebied geleë is, aan die Minister 'n afskrif van 'n besluit wat deur die afdelingsraad geneem is, deurgestuurd het, waarin aanbeveel word dat die skoonmaak van boorde of van vermelde gekweekte plante in daardie gebied van enige vermelde insekteplaag of plantsiekte verpligtend gemaak moet word op eienaars en bewoners van grond wat binne daardie gebied geleë is, tesame met 'n deur die sekretaris van die afdelingsraad ondertekende sertifikaat waarin vermeld word dat die besluit deur die raad ooreenkomstig sy reglement van orde geneem is, dat kennisgewing van die besluit minstens driemaal in die Afrikaanse sowel as in die Engelse taal in een of meer nuusblaaie in daardie gebied in omloop, gepubliseer is, en dat minstens dertig dae verstryk het tussen die datum waarop die kennisgewing vir die eerste maal gepubliseer is en die datum waarop die besluit geneem is; of
- (c) die Minister van oordeel is dat dit raadsaam is dat die skoonmaak van boorde of van enige gekweekte plante in enige gebied van enige insekteplaag of plantsiekte verpligtend gemaak moet word op eienaars en bewoners van grond wat binne daardie gebied geleë is,

kan die Goewerneur-generaal, by proklamasie in die *Staatskoerant*, verklaar dat so 'n gebied 'n gebied is waarin die skoonmaak van boorde of, na gelang van die geval, van bedoelde gekweekte plante van die betrokke insekteplaag of plantsiekte, op eienaars en bewoners van grond wat binne daardie gebied geleë is, verpligtend is.

(2) Die Goewerneur-generaal kan van tyd tot tyd en op soortgelyke wyse 'n kragtens sub-artikel (1) uitgevaardigde proklamasie intrek, of hy kan so 'n proklamasie vir die tydperk wat hy goedvind of met betrekking tot sodanige gedeelte van die gebied as wat hy mag meld, opskort.

3. (1) Wanneer 'n skriftelike versoek deur die magistraat van 'n distrik ontvang word waarvan hy oortuig is dat dit deur minstens twaalf eienaars van grond wat binne 'n gebied in daardie distrik geleë is, en waarop daar boorde of gekweekte plante is, onderteken is, dat 'n vergadering van eienaars van grond wat binne daardie gebied geleë is en waarop daar boorde is of waarop gekweekte plante groei of binne 'n tydperk van twee jaar onmiddellik voor die datum van die voorgestelde vergadering gegroei het, belê moet word om 'n besluit te oorweeg om aan te beveel dat die skoonmaak van boorde of van enige vermelde gekweekte plante in bedoelde gebied van enige vermelde insekteplaag of plantsiekte verpligtend gemaak moet word op eienaars en bewoners van grond wat binne daardie gebied geleë is, dan moet die magistraat so 'n vergadering vir daardie doel belê.

Vergaderings van eienaars.

(2) Die magistraat moet kennisgewing van die vergadering en die doel waarvoor dit belê word minstens driemaal in die Afrikaanse sowel as in die Engelse taal in een of meer nuusblaaie in bedoelde gebied in omloop, laat publiseer.

(3) Die in sub-artikel (2) bedoelde kennisgewing word vir die eerste maal gepubliseer op 'n datum minstens dertig dae onmiddellik voor die datum wat vir die vergadering vasgestel word.

(4) Die magistraat van die distrik of 'n deur hom daartoe gemagtigde persoon, presideer by die vergadering en lê die voorgestelde besluit aan die vergadering voor.

(5) Die persoon wat presideer kan die vergadering van tyd tot tyd verdaag.

(6) 'n Besluit wat ingevolge sub-artikel (4) aan 'n vergadering voorgelê word, word geag aangeneem te wees indien minstens twee-derdes van die stemme wat ooreenkomstig die bepalings van sub-artikels (7) en (8) uitgebring word, ten gunste van die besluit uitgebring word.

(7) Elke persoon wat die vergadering bywoon en wat na oordeel van die persoon wat presideer, die eenaar is van grond wat binne die betrokke gebied geleë is en waarop daar 'n boord is of, na gelang van die geval, waarop gekweekte plante van die soort wat in die besluit vermeld word, groei of binne 'n tydperk van twee jaar onmiddellik voor die datum van die vergadering gegroei het, is geregtig om op die voorgestelde besluit 'n stem uit te bring.

(8) Niemand bring meer dan een stem uit nie.

(9) Die vergadering kan 'n besluit neem wat aanbeveel dat die skoonmaak van boorde of, na gelang van die geval, van enige vermelde gekweekte plante, verpligtend gemaak

sub-section (1), be made compulsory, but only owners of land situate in that portion of the said area shall be entitled to vote on such a resolution.

Owners and occupiers to carry out cleansing operations in proclaimed areas.

4. Whenever an area has been proclaimed under section *two* every owner and occupier of land situate within that area shall carry out on his land such cleansing operations as may be prescribed by regulations made under section *eleven* or as may be necessary for the eradication of the insect pest or plant disease referred to in the proclamation in relation to that area.

Appointment of inspectors.

5. (1) The Minister may, subject to the laws governing the public service, appoint any person as an inspector under this Act.

(2) The Minister may authorize any person to exercise in any specified area proclaimed under section *two* the powers of an inspector under this Act subject to such conditions as he may prescribe.

(3) Every inspector shall be furnished with a certificate signed by an officer thereto designated by the Minister and stating that he has been appointed as an inspector under this Act.

(4) Every person referred to in sub-section (2) shall be furnished with a certificate signed by an officer thereto designated by the Minister and stating that he has been authorized to exercise the powers of an inspector under this Act in any specified area proclaimed under section *two*.

Powers of inspectors.

6. (1) An inspector may at any time enter upon any land after notice to the owner or occupier thereof and inspect any trees or plants thereon, and ascertain by the exposing of roots or the removal of bark or branches or the cutting of fruit or flowers or in any other manner whether there exists on that land any insect pest or plant disease.

(2) If upon such inspection an inspector discovers the presence of any insect pest or plant disease upon land situate outside an area proclaimed under section *two*, he shall report that fact to the Minister.

(3) If an inspector discovers upon land situate within an area proclaimed under section *two* the presence of any insect pest or plant disease referred to in the proclamation in relation to that area, he may by order in writing served upon the owner or occupier of that land, require that owner or occupier to carry out in the manner and within the time prescribed in the order such cleansing operations as may be necessary for the purpose of cleansing the orchard or, as the case may be, the cultivated plants specified in the said proclamation, of such insect pest or plant disease.

(4) An inspector may, if he considers it necessary for the eradication of any insect pest or plant disease, by order under sub-section (3) require an owner or occupier of land to destroy, in the manner prescribed in the order, any fruit trees, fruit-bearing shrubs, cultivated or other plants growing upon his land and to keep his land free of any such fruit trees, fruit-bearing shrubs, cultivated or other plants for a period specified in the order: Provided that no order for the destruction of any fruit trees, fruitbearing shrubs or cultivated plants shall be issued by an inspector without the prior approval of the Minister.

(5) If an owner or occupier of land fails within the prescribed time to carry out any cleansing operations prescribed in an order served upon him in terms of sub-section (3), or if he fails to carry out such cleansing operations to the satisfaction of the Minister, the Minister may cause to be carried out on that land the said cleansing operations at the expense of the said owner or occupier, as the case may be.

Method of serving of orders.

7. An order under sub-section (3) of section *six* shall be deemed to have been duly served upon the owner or occupier of land—

- (a) when it has been handed to the owner or occupier personally; or
- (b) when, in the absence of the owner or occupier, it has been—
 - (i) handed to his duly authorized representative; or
 - (ii) sent by registered letter to the last known place of residence of the owner or occupier.

moet word in slegs 'n gedeelte van die in sub-artikel (1) bedoelde gebied, dog slegs eienaars van grond wat in daardie gedeelte van bedoelde gebied geleë is, is geregtig om op so 'n besluit 'n stem uit te bring.

4. Wanneer 'n gebied ingevolge artikel *twee* geproklameer is, moet elke eenaar en bewoner van grond wat binne daardie gebied geleë is, op sy grond sodanige skoonmaakwerk uitvoer as wat by kragtens artikel *elf* uitgevaardigde regulasies voorgeskryf word, of wat nodig mag wees vir die uitroeiing van die insekteplaag of plantsiekte wat in die proklamasie met betrekking tot daardie gebied bedoel word.

Eienaars en bewoners moet skoonmaakwerk in geproklameerde gebiede uitvoer.

5. (1) Die Minister kan, met inagneming van die wette betreffende die staatsdiens, enige persoon as 'n inspekteur ingevolge hierdie Wet aanstel.

Aanstelling van inspekteurs.

(2) Die Minister kan enige persoon magtig om in enige vermelde gebied wat kragtens artikel *twee* geproklameer is, die bevoegdheede van 'n inspekteur ingevolge hierdie Wet, onderworpe aan die voorwaardes wat hy mag voorskryf, uit te oefen.

(3) Aan elke inspekteur word 'n sertifikaat verskaf, onderteken deur 'n amptenaar wat deur die Minister daartoe aangewys is en wat meld dat hy as inspekteur kragtens hierdie Wet aangestel is.

(4) Aan elke in sub-artikel (2) bedoelde persoon word 'n sertifikaat verskaf, onderteken deur 'n amptenaar wat deur die Minister daartoe aangewys is en wat meld dat hy gemagtig is om in 'n vermelde gebied wat kragtens artikel *twee* geproklameer is, die bevoegdheede van 'n inspekteur ingevolge hierdie Wet uit te oefen.

6. (1) 'n Inspekteur kan te eniger tyd na kennisgewing aan die eenaar of bewoner daarvan enige grond betree en enige bome of plante daarop ondersoek, en deur blootlegging van wortels of die verwydering van bas of takke of die oopsny van vrugte of blomme of andersins vasstel of daar op daardie grond enige insekteplaag of plantsiekte aanwesig is.

Bevoegdheede van inspekteurs.

(2) Indien 'n inspekteur by so 'n ondersoek die aanwesigheid van enige insekteplaag of plantsiekte op grond wat buite 'n kragtens artikel *twee* geproklameerde gebied geleë is, aantref, rapporteer hy dit aan die Minister.

(3) Indien 'n inspekteur op grond wat binne 'n kragtens artikel *twee* geproklameerde gebied geleë is, die aanwesigheid van enige insekteplaag of plantsiekte wat in die proklamasie met betrekking tot daardie gebied bedoel word, aantref, dan kan hy deur 'n skriftelike bevel op die eenaar of die bewoner van daardie grond te dien, daardie eenaar of bewoner gelas om op die wyse en binne die in die bevel voorgeskrewe tydperk, sodanige skoonmaakwerk uit te voer as wat nodig mag wees ten einde die boord of na gelang van die geval die gekweekte plante wat in bedoelde proklamasie vermeld word, van die bedoelde insekteplaag of plantsiekte skoon te maak.

(4) Indien hy dit nodig ag vir die uitroeiing van enige insekteplaag of plantsiekte kan 'n inspekteur 'n eenaar of bewoner van grond, by 'n kragtens sub-artikel (3) uitgereikte bevel, gelas om vrugtebome, vrugtedraende struik, gekweekte of ander plante wat op sy grond groei, op die in die bevel voorgeskrewe wyse te vernietig en om sy grond vir 'n in die bevel vermelde tydperk van daardie vrugtebome, vrugtedraende struik, gekweekte of ander plante skoon te hou: Met dien verstande dat geen bevel vir die vernietiging van vrugtebome, vrugtedraende struik of gekweekte plante deur 'n inspekteur uitgereik word sonder die voorafgaande goedkeuring van die Minister nie.

(5) Indien 'n eenaar of bewoner van grond in gebreke bly om binne die voorgeskrewe tydperk enige skoonmaakwerk wat voorgeskryf is in 'n bevel wat ingevolge sub-artikel (3) op hom gedien is, uit te voer, of indien hy in gebreke bly om sulke skoonmaakwerk tot bevrediging van die Minister uit te voer, dan kan die Minister bedoelde skoonmaakwerk op daardie grond op koste van die genoemde eenaar of bewoner, na gelang van die geval, laat uitvoer.

7. 'n Bevel kragtens sub-artikel (3) van artikel *ses* word geag behoorlik op die eenaar of bewoner van grond gedien te wees—

Wyse waarop bevele gedien word.

- (a) wanneer dit aan die eenaar of bewoner persoonlik oorhandig is; of
- (b) wanneer dit, in die afwesigheid van die eenaar of bewoner—
 - (i) aan sy behoorlik gemagtigde verteenwoordiger oorhandig is; of
 - (ii) aan die laaste bekende woonplek van die eenaar of bewoner per geregistreerde brief gestuur is.

Recovery of costs from owners or occupiers.

8. The costs incurred by the Minister in carrying out on land any cleansing operations in terms of sub-section (5) of section *six* shall be a debt due to the Minister by the owner or occupier concerned and may be recovered from him in any court of competent jurisdiction.

Compensation.

9. Whenever any fruit trees, fruitbearing shrubs or cultivated plants are destroyed in pursuance of an order issued under sub-sections (3) and (4) of section *six*, the Minister shall, out of moneys appropriated by Parliament for the purpose, pay to the owner or occupier concerned or to both the owner and the occupier, such compensation as he may after consultation with the owner or occupier, determine to be reasonable in the circumstances: Provided that no compensation shall be payable in respect of any fruit trees, fruitbearing shrubs or cultivated plants which were planted in contravention of the provisions of an order made under section *six*.

Penalties.

10. Any person who—

- (a) contravenes or fails to comply with any provision of an order issued under sub-section (3) of section *six*; or
- (b) hinders an inspector in the exercise of his functions or the performance of his duties; or
- (c) contravenes any provision of any regulation made under section *eleven*,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred pounds or to imprisonment for a period not exceeding six months, or to both such fine and imprisonment.

Regulations.

11. (1) The Governor-General may make regulations prescribing—

- (a) the duties of inspectors under this Act; and
- (b) the cleansing operations to be carried out by owners and occupiers of land in areas proclaimed under section *two*.

(2) Different regulations may be made under sub-section (1) in respect of different areas and in making such regulations the Governor-General may apply any method of differentiation he may deem advisable.

Repeal of Act 13 of 1925.

12. The Orchard Cleansing Act, 1925, is hereby repealed.

Short title.

13. This Act shall be called the Orchards and Cultivated Plants Cleansing Act, 1947.

8. Die koste wat deur die Minister aangegaan word by die uitvoering van enige skoonmaakwerk ingevolge sub-artikel (5) van artikel *ses* is 'n skuld wat deur die betrokke eienaar of bewoner aan die Minister verskuldig is en kan op hom verhaal word in enige bevoegde geregshof. Verhaal van koste op eienaars of bewoners.

9. Wanneer vrugtebome, vrugtedraende struik of gekweekte plante ten gevolge van 'n kragtens sub-artikels (3) en (4) van artikel *ses* uitgereikte bevel vernietig word, moet die Minister, uit fondse wat vir daardie doel deur die Parlement beskikbaar gestel is, aan die betrokke eienaar of bewoner of aan beide die eienaar en bewoner sodanige vergoeding betaal as wat hy, na oorleg met die eienaar of bewoner, onder die omstandighede billik ag: Met dien verstande dat geen vergoeding betaalbaar is ten opsigte van vrugtebome, vrugtedraende struik of gekweekte plante wat in stryd met die bepaling van 'n kragtens artikel *ses* uitgereikte bevel aangeplant is nie. Vergoeding.

10. Iemand wat— Strafbepalings.

(a) enige bepaling van 'n kragtens sub-artikel (3) van artikel *ses* uitgereikte bevel oortree of in gebreke bly om daaraan te voldoen; of

(b) 'n inspekteur in die uitoefening van sy werksaamhede of die uitvoering van sy ampspligte hinder; of

(c) enige bepaling van 'n kragtens artikel *elf* uitgevaardigde regulasie oortree,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens honderd pond of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, of met beide so 'n boete en gevangenisstraf.

11. (1) Die Goewerneur-generaal kan regulasies uitvaardig wat— Regulasies.

(a) die ampspligte van inspekteurs ingevolge hierdie Wet voorskryf; en

(b) die skoonmaakwerk wat eienaars en bewoners van grond in kragtens artikel *twee* geproklameerde gebiede moet uitvoer, voorskryf.

(2) Verskillende regulasies kan ingevolge sub-artikel (1) ten opsigte van verskillende gebiede uitgevaardig word, en die Goewerneur-generaal kan, wanneer hy bedoelde regulasies uitvaardig, ten opsigte van enige grond wat hy raadsaam ag 'n verskil maak.

12. Die „Wet op het Schoonmaken van Boomgaarden, 1925”, word hierby herroep. Herroeping van Wet 13 van 1925.

13. Hierdie Wet heet die Wet op die Skoonmaak van Boorde en Gekweekte Plante, 1947. Kort titel.

No. 27, 1947.]

ACT

To amend the law relating to Excise.

(English Text signed by the Governor-General.)
(Assented to 2nd June, 1947.)

BE IT ENACTED by the King's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

Amendment of
Schedule No. 1 to
Act 45 of 1942,
as amended by
section 3 of
Act 20 of 1946.

1. (1) Schedule No. 1 to the Excise Act, 1942 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

- (a) by the substitution for the rate "3d." opposite item 7 of the rate "1d."; and
- (b) by the substitution for item 15 of the following:
 - "15. (No paragraph)".

(2) Paragraph (a) of sub-section (1) shall be deemed to have come into operation on the eighteenth day of March, 1947, and paragraph (b) on the first day of April, 1947.

Amendment of
Schedule No. 2
to Act 45 of
1942, as amended
by section 7 of
Act 26 of 1944.

2. (1) Schedule No. 2 to the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution in item 23 for the words "Spirits contained in medicinal preparations, flavouring essences, perfumed spirits and toilet preparations and exported from the Union" of the words "Plain spirits contained in any article or class of article for sale, in respect of which a rebate has been approved by the Minister on the recommendation of the Board of Trade and Industries in terms of item 18 of this Schedule, and exported from the Union";
- (b) by the substitution for items 30, 31, 32 and 33 of the following:
 - "30. (No paragraph),
 - 31. (No paragraph),
 - 32. (No paragraph),
 - 33. (No paragraph)"; and
- (c) by the deletion in item 47 of the words "(except to Basutoland, Bechuanaland Protectorate and Swaziland)".

(2) Paragraphs (a), (b) and (c) of sub-section (1) shall be deemed to have come into operation on the tenth day of May, 1947, the first day of April, 1947, and the first day of April, 1946, respectively.

Amendment of
Schedule No. 3
to Act 45 of 1942.

3. Schedule No. 3 to the principal Act is hereby amended by the substitution for item 14 of the following:

"14. (No paragraph)".

Temporary con-
tinuation of
existing refunds
under item 31 of
Schedule No. 2
to Act 45 of 1942.

4. Notwithstanding the repeal of item 31 of Schedule No. 2 to the principal Act by this Act, the refund of duty referred to in the said item shall continue to be granted in respect of any sugar dispatched prior to the first day of April, 1947, by a manufacturer of sugar for use in terms of the said item, and so used before the first day of July, 1947, and the Commissioner of Customs and Excise may continue to grant refunds of duty on such quantities of sugar, dispatched as aforesaid, as are, through no fault of the person claiming such refund of duty, used in terms of item 31 after the thirtieth day of June, 1947, but before the first day of October, 1947: Provided that no refund of duty shall be granted to any person in terms of this section unless he has complied with the prescribed regulations which shall, for the purposes of this section, be deemed to remain in force and effect until the thirtieth day of September, 1947.

Short title.

5. This Act shall be called the Excise Amendment Act, 1947.

No. 27, 1947.]

WET

Tot wysiging van die wetsbepalings op Aksyns.

(Engelse Teks deur die Goewerneur-generaal geteken.)
(Goedgekeur op 2 Junie 1947.)

DIT WORD BEPAAL deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

1. (1) Bylae No. 1 by die Aksynswet, 1942 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—
 - (a) deur die tarief „3d.” teenoor item 7 deur die tarief „1d.” te vervang; en
 - (b) deur item 15 deur die volgende te vervang: „15. (Geen paragraaf)”.

(2) Paragraaf (a) van sub-artikel (1) word geag op die agtiende dag van Maart 1947 in werking te getree het, en paragraaf (b) op die eerste dag van April 1947.
2. (1) Bylae No. 2 by die Hoofwet word hierby gewysig—
 - (a) deur in item 23 die woorde „Spiritus bevat in geneeskrachtige preparate, smaakgewende essense, geparfumeerde spiritus en toiletpreparate, en uit die Unie uitgevoer” deur die woorde „Skoon spiritus bevat in enige artikel of soort artikel vir verkoop, ten opsigte waarvan ’n korting deur die Minister op aanbeveling van die Raad van Handel en Nywerheid goedgekeur is ingevolge item 18 van hierdie Bylae, en uit die Unie uitgevoer” te vervang;
 - (b) deur items 30, 31, 32 en 33 deur die volgende te vervang:
 - „30. (Geen paragraaf),
 31. (Geen paragraaf),
 32. (Geen paragraaf),
 33. (Geen paragraaf)” ; en
 - (c) deur in item 47 die woorde „(behalwe na Basoetoland; Betsjoeanaland-Protectoraat en Swasieland)” te skrap.

(2) Paragrafe (a), (b) en (c) van sub-artikel (1) word geag onderskeidelik op die tiende dag van Mei 1947, die eerste dag van April 1947, en die eerste dag van April 1946, in werking te getree het.
3. Bylae No. 3 by die Hoofwet word hierby gewysig deur item 14 deur die volgende te vervang:
 - „14. (Geen paragraaf)”.
4. Ondanks die herroeping van item 31 van Bylae No. 2 by die Hoofwet deur hierdie Wet, word met die toestaan van die terugbetaling van aksynsreg waarna in genoemde item verwys word voortgegaan ten opsigte van suiker wat voor die eerste dag van April 1947 deur ’n vervaardiger van suiker versend is vir gebruik ingevolge bedoelde item en wat voor die eerste dag van Julie 1947 aldus gebruik word, en die Kommissaris van Doeane en Aksyns kan voortgaan met die toestaan van terugbetalings van aksynsreg op sodanige hoeveelhede suiker, soos voormeld versend, as wat buite skuld van die persoon wat die terugbetaling van die aksynsreg eis, na die dertigste dag van Junie 1947 dog voor die eerste dag van Oktober 1947 ingevolge item 31 gebruik word: Met dien verstande dat geen terugbetaling van aksynsreg ingevolge hierdie artikel aan enige persoon gemaak word nie tensy hy die voorgeskrewe regulasies, wat by die toepassing van hierdie artikel geag word van krag te bly tot die dertigste dag van September 1947, nagekom het.
5. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Aksyns, 1947.

Wysiging van Bylae No. 1 by Wet 45 van 1942, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 20 van 1946.

Wysiging van Bylae No. 2 by Wet 45 van 1942, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 26 van 1944

Wysiging van Bylae No. 3 by Wet 45 van 1942.

Tydlike voortdoring van bestaande terugbetalings kragtens item 31 van Bylae No. 2 by Wet 45 van 1942.

Kort titel.

No. 28, 1947.]

ACT

To amend the Government Service Pensions Act, 1936.

(Afrikaans Text signed by the Governor-General.)

(Assented to 2nd June, 1947.)

BE IT ENACTED by the King's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 32 of 1936.

1. Section *one* of the Government Service Pensions Act, 1936 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(a) by the insertion in paragraph (b) of the definition of "excess contributions" after the word "terms" of the words "of sub-section (1)"; and

(b) by the insertion after paragraph (b) of the said definition of the following paragraph; the existing paragraph (c) to become paragraph (d):

"(c) in terms of sub-section (2) of section *five* in excess of six per cent. of his pensionable emoluments;".

Amendment of section 5 of Act 32 of 1936.

2. Section *five* of the principal Act is hereby amended by the designation of the existing section as sub-section (1) and the addition thereto of the following sub-section:

"(2) As from the first day of July, 1946, every male person who is subject to the provisions of this Part shall, notwithstanding the provisions of sub-section (1) but subject *mutatis mutandis* to the provisions of section *sixteen*, contribute to the fund in accordance with the following scale:

<i>Age last birthday at commencement of pensionable service.</i>	<i>Percentage of pensionable emoluments.</i>
Up to 39	6·0
40	6·3
41	6·6
42	6·9
43	7·2
44	7·5
45	7·8
46 and over	8·0"

Amendment of section 12 of Act 32 of 1936 as amended by section 1 of Act 18 of 1941.

3. Section *twelve* of the principal Act is hereby amended by the designation of the existing section as sub-section (1) and the addition thereto of the following sub-sections:

"(2) As from the first day of July, 1946, every male officer shall, notwithstanding the provisions of sub-section (1) but subject to the provisions of sections *five*, *thirteen*, *fourteen* and *sixteen*, contribute to the fund in accordance with the following scale:

<i>Age last birthday at commencement of pensionable service.</i>	<i>Percentage of pensionable emoluments.</i>
Up to 21	6½
22 to 26	7
27 to 30	7½
31 to 34	7¾
35 and over	8

(3) If a male officer is appointed to a post in the public service with effect from any date after the thirtieth day of June, 1946, the contributions payable to the fund by or in respect of such officer in respect of any period of employment prior to the first day of July, 1946, and which is reckoned as pensionable service for the purposes of this Act, shall, notwithstanding anything to the contrary in any law contained, but subject to the provisions of Part I of the Public Servants (Military Service) Act, 1944 (Act No. 27 of 1944), be calculated in accordance with the scale set forth in sub-section (2)."

No. 28, 1947.)

WET

Tot wysiging van die Regeringsdiens Pensioenwet, 1936.

(Afrikaanse Teks deur die Goewerneur-generaal geteken.)
(Goedgekeur op 2 Junie 1947.)

DIT WORD BEPAAL deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

1. Artikel een van die Regeringsdiens Pensioenwet, 1936 (hieronder die Hoofwet genoem) word hierby gewysig— Wysiging van artikel 1 van Wet 32 van 1936.

- (a) deur in paragraaf (b) van die omskrywing van „meerdere bydraes” na die woord „volgens” die woorde „sub-artikel (1) van” in te voeg; en
(b) deur na paragraaf (b) van genoemde omskrywing die volgende paragraaf in te voeg, waardeur die bestaande paragraaf (c) paragraaf (d) word:
„(c) volgens sub-artikel (2) van artikel vyf, bo ses persent van sy pensioengewende verdienste;”.

2. Artikel vyf van die Hoofwet word hierby gewysig deur die bestaande artikel as sub-artikel (1) aan te dui en deur die volgende sub-artikel daaraan toe te voeg: Wysiging van artikel 5 van Wet 32 van 1936.

„(2) Met ingang van die eerste dag van Julie 1946 moet iedere manspersoon wat onder die bepaling van hierdie Deel val, ondanks die bepaling van sub-artikel (1) dog met inagneming *mutatis mutandis* van die bepaling van artikel sestien, ooreenkomstig die volgende skaal tot die fonds bydra:

Leeftyd (laaste verjaarsdag) by aanvang van pensioengewende diens.	Persentasie van pensioengewende verdienste.
Tot by 39	6·0
40	6·3
41	6·6
42	6·9
43	7·2
44	7·5
45	7·8
46 en ouer	8·0”

3. Artikel twaalf van die Hoofwet word hierby gewysig deur die bestaande artikel as sub-artikel (1) aan te dui en deur die volgende sub-artikels daaraan toe te voeg: Wysiging van artikel 12 van Wet 32 van 1936 soos gewysig deur artikel 1 van Wet 18 van 1941.

„(2) Met ingang vanaf die eerste dag van Julie 1946 moet elke manlike amptenaar, ondanks die bepaling van sub-artikel (1) dog behoudens die bepaling van artikels vyf, dertien, veertien en sestien, ooreenkomstig die volgende skaal tot die fonds bydra:

Leeftyd (laaste verjaarsdag) by aanvang van pensioengewende diens.	Persentasie van pensioengewende verdienste.
Tot by 21	6½
22 tot 26	7
27 tot 30	7½
31 tot 34	7¾
35 en ouer	8

(3) Indien 'n manlike amptenaar in 'n betrekking in die Staatsdiens met ingang van enige datum na die dertigste dag van Junie 1946 aangestel word, word die bydraes wat deur of ten opsigte van so 'n amptenaar aan die fonds betaalbaar is ten opsigte van enige termyn van diens voor die eerste dag van Julie 1946 wat by die toepassing van hierdie Wet as pensioengewende diens gereken word, ondanks andersluidende wetsbepalings, dog behoudens die bepaling van Deel I van die Wet op Staatsamptenare (Militêre Diens), 1944 (Wet No. 27 van 1944), ooreenkomstig die skaal in sub-artikel (2) uiteengesit, bereken.”.

Amendment of section 13 of Act 32 of 1936 as substituted by section 2 of Act 32 of 1946.

4. The proviso to section *thirteen* of the principal Act is hereby amended by the substitution for the words "or if such person has elected in terms of sub-section (3) of section *thirty-nine* to be subject to the provisions of this Chapter" of the words "or if the person concerned has, immediately prior to such appointment, had not less than one year's pensionable service as a non-contributor to the fund' as defined in sub-section (10) of section *thirty-nine* and has elected in terms of sub-section (3) of the said section to be subject to the provisions of this Chapter".

Amendment of section 14 of Act 32 of 1936 as substituted by section 3 of Act 32 of 1946.

5. Section *fourteen* of the principal Act is hereby amended by the substitution for the proviso thereto of the following proviso :

" Provided that—

- (a) if such person is a member of the Government Employees' Provident Fund established under section *sixty-three*, and is so appointed, his continuous service prior to such appointment shall be regarded as employment in the services ; or
- (b) if such person has elected in terms of sub-section (3) of section *thirty-nine* to be subject to the provisions of this Chapter, his continuous service prior to the date from which he became liable to contribute to the fund shall be regarded as employment in the services ; or
- (c) if such person is transferred from pensionable employment under any government referred to in section *forty-two*, or under any administration, or from such employment in an institution for higher education, and is so appointed, the contributions paid by him shall not be regarded as being provisional."

Amendment of section 31 of Act 32 of 1936 as amended by section 12 of Act 18 of 1941.

6. Section *thirty-one* of the principal Act is hereby amended by the substitution for sub-paragraph (a) of paragraph (1) of the following sub-paragraph :

" (a) an amount equal to the aggregate of the current contributions, excluding the excess contributions, which have been paid to the fund by old members during that month ;"

Amendment of section 40 of Act 32 of 1936 as amended by section 14 of Act 18 of 1941.

7. Sub-section (2) of section *forty* of the principal Act is hereby amended by the insertion in paragraph (a) after the word "applies" of the words "or a person to whom sub-section (3) applies".

Amendment of section 42 of Act 32 of 1936 as amended by section 16 of Act 18 of 1941 and section 10 of Act 32 of 1946.

8. Section *forty-two* of the principal Act is hereby amended by the insertion after sub-section (2) of the following sub-section :

- " (2)*bis*. (a) If a person to whom sub-section (1) applies is re-transferred to the public service, his pensionable service in the public service prior to his transfer to pensionable employment under a Government referred to in that sub-section shall, for the purposes of the grant of a pension, be deemed to be continuous with his subsequent pensionable service in the public service.
- (b) If prior to his transfer to pensionable employment under such other Government, a person referred to in paragraph (a) was a contributor to a pension fund administered by the Treasury, he shall, notwithstanding anything to the contrary in any law contained, again contribute to such fund as from the date of his re-transfer to the public service : Provided that if such person was a member of the 'fund' or of an 'old fund' as defined in section *one*, the rate of his contributions shall be determined by his age last birthday at the date of commencement of his first period of pensionable service in the public service.
 - (c) If a person referred to in paragraph (a) was, at the date of his transfer to pensionable employment under such other Government, a member of an 'old fund' as defined in section *one*, he shall on his re-transfer to the public service, be subject to the provisions of Part B of Chapter I.
 - (d) If a person referred to in paragraph (a) was, at the date of his transfer to pensionable employment under such other Government, subject to the

4. Die voorbehoudsbepaling by artikel *dertien* van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woorde „of indien so iemand ingevolge sub-artikel (3) van artikel *negen-en-dertig* gekies het om aan die bepalings van Hoofstuk I onderworpe te wees” te vervang deur die woorde „of indien die betrokke persoon onmiddellik voor sodanige aanstelling minstens een jaar pensioengewende diens as 'n nie-bydraer tot die fonds’ soos in sub-artikel (10) van artikel *negen-en-dertig* omskrywe, gehad het en ingevolge sub-artikel (3) van genoemde artikel gekies het om aan die bepalings van hierdie Hoofstuk onderworpe te wees.”
- Wysiging van artikel 13 van Wet 32 van 1936 soos vervang deur artikel 2 van Wet 32 van 1946.
5. Artikel *veertien* van die Hoofwet word hierby gewysig deur die voorbehoudsbepaling daarby deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang :
- „Met dien verstande dat—
- (a) indien so iemand 'n lid is van die Regeringswerknemersondersteuningsfonds kragtens artikel *drie-en-sestig* gestig, en aldus aangestel word, sy onafgebroke diens voor sodanige aanstelling as diens in die dienste beskou word ; of
- (b) indien so iemand ingevolge sub-artikel (3) van artikel *negen-en-dertig* gekies het om aan die bepalings van hierdie Hoofstuk onderworpe te wees, sy onafgebroke diens voor die datum waarop hy verplig geword het om tot die fonds by te dra, as diens in die dienste beskou word ; of
- (c) indien so iemand oorgeplaas word uit pensioengewende diens by 'n regering in artikel *twee-en-veertig* bedoel, of by 'n administrasie, of uit sodanige diens in 'n inrigting vir hoër onderwys, en aldus aangestel word, die bydraes deur hom betaal nie as voorlopig beskou word nie.”
- Wysiging van artikel 14 van Wet 32 van 1936 soos vervang deur artikel 3 van Wet 32 van 1946.
6. Artikel *een-en-dertig* van die Hoofwet word hierby gewysig deur sub-paragraaf (a) van paragraaf (1) deur die volgende sub-paragraaf te vervang :
- „(a) 'n bedrag gelyk aan die totaal van die lopende bydraes, met uitsondering van die meerdere bydraes, gedurende daardie maand deur ou lede in die fonds gestort ;”
- Wysiging van artikel 31 van Wet 32 van 1936 soos gewysig deur artikel 12 van Wet 18 van 1941.
7. Sub-artikel (2) van artikel *veertig* van die Hoofwet word hierby gewysig deur in paragraaf (a) na die woorde „van toepassing is” die woorde „of iemand op wie sub-artikel (3) van toepassing is” in te voeg.
- Wysiging van artikel 40 van Wet 32 van 1936 soos gewysig deur artikel 14 van Wet 18 van 1941.
8. Artikel *twee-en-veertig* van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende sub-artikel na sub-artikel (2) in te voeg :
- „(2)*bis*. (a) Indien iemand op wie sub-artikel (1) van toepassing is, weer na die staatsdiens oorgeplaas word, word sy pensioengewende diens in die staatsdiens voor sy oorplasing na pensioengewende diens by 'n in daardie sub-artikel bedoelde Regering, vir die doeleindes van die toekenning van 'n pensioen, geag aaneenlopend met sy daaropvolgende pensioengewende diens in die staatsdiens te wees.
- (b) Indien 'n in paragraaf (a) bedoelde persoon voor sy oorplasing na pensioengewende diens by sodanige ander Regering 'n bydraer tot 'n deur die Tesourie beheerde pensioenfonds was, moet hy, ondanks andersluidende wetsbepalings, weer tot bedoelde fonds vanaf die datum van sy heroorplasing na die staatsdiens bydra : Met dien verstande dat indien so iemand 'n lid was van die 'fonds' of 'n 'ou fonds' soos in artikel *een* omskrywe, die skaal van sy bydraes volgens sy leeftyd laaste verjaarsdag by aanvang van sy eerste tydperk van pensioengewende diens in die staatsdiens vasgestel moet word.
- (c) Indien 'n in paragraaf (a) bedoelde persoon op die datum van sy oorplasing na pensioengewende diens by sodanige ander Regering, 'n lid was van 'n 'ou fonds' soos in artikel *een* omskrywe, val hy by heroorplasing na die staatsdiens onder die bepalings van Deel B van Hoofstuk I.
- (d) Indien 'n in paragraaf (a) bedoelde persoon op die datum van sy oorplasing na pensioengewende diens by sodanige ander Regering, onder die
- Wysiging van artikel 42 van Wet 32 van 1936 soos gewysig deur artikel 16 van Wet 18 van 1941 en artikel 10 van Wet 32 van 1946.

provisions of Part A or Part B of Chapter I, he shall, on his re-transfer to the public service, again be subject to the provisions of that Part of the said Chapter to which he was so subject.”.

Commencement. **9.** Section *seven* shall be deemed to have come into operation on the first day of March, 1946 ; sections *four*, *five* and *eight* on the fourteenth day of June, 1946 and sections *one*, *two*, *three* and *six* on the first day of July, 1946.

Short title. **10.** This Act shall be called the Government Service Pensions Amendment Act, 1947.

bepalings van Deel A of Deel B van Hoofstuk I geval het, val hy by her-oorplasing na die staatsdiens weer onder die bepalinge van daardie Deel van bedoelde Hoofstuk waaronder hy aldus geval het.”.

9. Artikel *sewe* word geag op die eerste dag van Maart Inwerkingtreding. 1946 in werking te getree het; artikels *vier, vyf* en *agt* op die veertiende dag van Junie 1946, en artikels *een, twee drie,* en *ses* op die eerste dag van Julie 1946.

10. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Regeringsdiens- Kort titel. pensioene, 1947.

No. 29, 1947.]

ACT

To amend the laws relating to the levy of diamond mines special contribution and wartime surcharge on transfer duty payments, to repeal the laws relating to excess profits duty, trade profits special levy and fixed property profits tax, and to provide for the payment to and from loan account of certain amounts.

(English Text signed by the Governor-General.)
(Assented to 2nd June, 1947.)

BE IT ENACTED by the King's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

Insertion of section 8bis in Act 25 of 1940.

1. The following section is hereby inserted after section *eight* of the Income Tax Act, 1940:

“Special rebates. 8bis. In respect of the year of assessment ending the thirtieth day of June, 1947, and any succeeding year of assessment, there shall be allowed as a deduction from the amount of diamond mines special contribution payable in terms of sections *six*, *seven* and *eight*, a sum calculated at the rate of thirty-three and one-third per cent. of such amount.”

Amendment of section 2 of Act 39 of 1944 as substituted by section 13 of Act 54 of 1946.

2. Section *two* of the Special Taxation Act, 1944, is hereby amended by the deletion at the end of paragraph (1) of the word “and”, and the substitution for paragraph (2) of the following paragraphs:

“(2) in respect of every payment of transfer duty made within the period from the first day of March, 1946, up to and including the twenty-eighth day of February, 1947 (other than a payment the liability for which arose in connection with a transaction entered into within the fixed period) and every payment of transfer duty the liability for which arose in connection with a transaction entered into within the period first referred to in this paragraph, one per cent. of the amount on which transfer duty is chargeable, if that amount exceeds two thousand pounds; and

(3) in respect of every payment of transfer duty made on or after the first day of March, 1947, not being a payment the liability for which arose in connection with a transaction entered into within the period from the fixed date up to and including the twenty-eighth day of February, 1947, one-half per cent. of the amount on which transfer duty is chargeable, if that amount exceeds two thousand pounds.”

Amendment of section 9 of Act 39 of 1944.

3. (1) Section *nine* of the Special Taxation Act, 1944, is hereby amended by the deletion of the words “by any provincial administration”.

(2) Sub-section (1) shall be deemed to have come into operation on the first day of April, 1945.

Repeal of laws.

4. (1) The laws specified in the Schedule are hereby repealed to the extent and with effect from the dates set out therein.

(2) Notwithstanding such repeal the provisions of the said laws shall, subject to the provisions of sub-sections (3), (4) and (5), continue to apply in relation to any tax, duty or amount leviable or due and any refund claimable thereunder which has not been collected or made at the time when the repeal takes effect.

(3) Nothing contained in paragraph (d) of sub-section (1) of section *eleven* of the Income Tax Act, 1940 (Act No. 25 of 1940), shall be construed as entitling any person to a refund of excess profits duty by reason of any profit or loss which would, but for the repeal of the provisions of the said Act relating to such duty, have been assessed in respect of any period subsequent to the period of assessment ended on the thirtieth day of June, 1946.

(4) The last day of the final period of assessment referred to in sub-section (2) of the said section shall be the thirtieth day of June, 1946, or if a return up to another date has been accepted

WET

Tot wysiging van die wetsbepalings betreffende die heffing van die spesiale diamantmyn-bydrae en oorlogtydse ekstra-heffing op hereregtebetalings, tot herroeping van die wetsbepalings betreffende oorwinsbelasting, spesiale belasting op bedryfswinste en winsbelasting op vasgoed, en om voorsiening te maak vir die oorbetalings van sekere bedrae aan en uit die leningsrekening.

(Engelse Tekst deur die Goewerneur-generaal geteken.)
(Goedgekeur op 2 Junie 1947.)

DIT WORD BEPAAL deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

1. Die volgende artikel word hiermee na artikel *agt* van die Inkomstebelastingwet, 1940, ingevoeg:
„Spesiale kortings. *8 bis.* Ten opsigte van die jaar van aanslag wat op die dertigste dag van Junie 1947 eindig, en enige later jaar van aanslag, word daar as 'n vermindering van die bedrag spesiale diamantmyn-bydrae wat ooreenkomstig artikels *ses*, *sewe* en *agt* betaalbaar is, 'n bedrag toegestaan wat bereken word volgens die skaal van drie-en-dertig en 'n derde persent van eersgenoemde bedrag.”
Invoeging van artikel 8 bis in Wet 25 van 1940.
2. Artikel *twee* van die Spesiale Belastingwet, 1944, word hiermee gewysig deur aan die end van paragraaf (1) die woord „en” te skrap, en paragraaf (2) te vervang deur die volgende paragraawe:
„(2) ten opsigte van elke betaling van hereregte wat gedoen is binne die tydperk vanaf die eerste dag van Maart 1946 tot en met die agt-en-twintigste dag van Februarie 1947 (behalwe 'n betaling waarvoor aanspreeklikheid ontstaan het in verband met 'n transaksie wat in die vasgestelde tydperk aangegaan is) en elke betaling van hereregte waarvoor aanspreeklikheid ontstaan het in verband met 'n transaksie wat binne die in hierdie paragraaf eersbedoelde tydperk aangegaan is, een persent van die bedrag waarop hereregte betaalbaar is, as daardie bedrag meer dan tweeduisend pond beloop; en
(3) ten opsigte van elke betaling van hereregte wat gedoen is of word op of na die eerste dag van Maart 1947, en wat nie 'n betaling is nie waarvoor aanspreeklikheid ontstaan het in verband met 'n transaksie wat binne die tydperk vanaf die vasgestelde datum tot en met die agt-en-twintigste dag van Februarie 1947, aangegaan is, 'n halfpersent van die bedrag waarop hereregte betaalbaar is, as daardie bedrag meer dan tweeduisend pond beloop.”
Wysiging van artikel 2 van Wet 39 van 1944, soos vervang by artikel 13 van Wet 54 van 1946.
3. (1) Artikel *nege* van die Spesiale Belastingwet, 1944, word hiermee gewysig deur die woorde „deur 'n provinsiale administrasie” te skrap.
Wysiging van artikel 9 van Wet 39 van 1944.
(2) Sub-artikel (1) word geag in werking te getree het op die eerste dag van April 1945.
4. (1) Die in die Bylae vermelde wette word hiermee herroep vir sover en met ingang vanaf die datums daarin aangegee.
Herroeping van wette.
(2) Ondanks bedoelde herroeping, bly die bepalinge van genoemde wette, onderworpe aan die by sub-artikels (3), (4) en (5) bepaalde, van toepassing met betrekking tot enige belasting of bedrag wat uit hoofde daarvan hefbaar of verskuldig is en enige terugbetaling wat uit hoofde daarvan geëis kan word, en wat nie wanneer die herroeping in werking tree, geëis of gedoen is nie.
(3) Die bepalinge van paragraaf (*d*) van sub-artikel (1) van artikel *elf* van die Inkomstebelastingwet, 1940 (Wet No. 25 van 1940) word nie so uitgelê nie dat dit aan enig iemand 'n reg verleen op 'n terugbetaling van oorwinsbelasting op grond van 'n wins of verlies wat, as die bepalinge van genoemde Wet met betrekking tot bedoelde belasting nie herroep was nie, vasgestel sou gewees het ten opsigte van 'n tydperk na die tydperk van aanslag wat op die dertigste dag van Junie 1946 geëindig het.
(4) Die in sub-artikel (2) van genoemde artikel bedoelde laaste dag van die eind-tydperk van aanslag, is die dertigste dag van Junie 1946, of indien die Kommissaris ooreenkomstig

by the Commissioner in terms of the proviso to sub-section (13) of section *fifty-five* of the Income Tax Act, 1941 (Act No. 31 of 1941), in respect of the period of assessment ended on the first-mentioned date, the date up to which the return has been so accepted.

(5) Any cancellation on or after the twenty-eighth day of February, 1947, of a transaction as defined in section *twenty-five* of the Special Taxation Act, 1942 (Act No. 40 of 1942), entered into prior to that date shall, for the purposes of fixed property profits tax, be disregarded and liability for such tax shall be determined and the tax collected as if the cancellation had not been effected, unless it is shown to the satisfaction of the Commissioner that the cancellation was not effected in order to avoid any liability for any tax imposed by the said Act in respect of the transaction so cancelled.

Payments to and from loan account.

5. So much of the amount collected in each successive period of twelve months as from the first day of April, 1947, in respect of excess profits duty, trade profits special levy and fixed property profits tax, as exceeds the amount of such duty, levy or tax refunded in the relative period, shall be paid to the credit of the loan account, and so much of the amount so refunded as exceeds the amount of duty, levy or tax so collected in any such period, shall be paid as a drawback from current loan receipts.

Short title.

6. This Act shall be called the Special Taxation Amendment Act, 1947.

Schedule.

No. and year of law.	Short title.	Extent and date of repeal.
Act No. 25 of 1940.	The Income Tax Act, 1940.	Sections <i>nine</i> to and including <i>eighteen</i> and section <i>twenty-four</i> , with effect from the first day of July, 1946, except in so far as they relate to excess profits duty for the period of assessment ended on the thirtieth day of June, 1946, or any prior period of assessment.
Act No. 34 of 1940.	The Additional Taxation Act, 1940.	So much as is unrepealed, with effect from the first day of July, 1946, except in so far as it relates to excess profits duty for the period of assessment ended on the thirtieth day of June, 1946, or any prior period of assessment.
Act No. 46 of 1941.	The Special Taxation Act, 1941.	Sections <i>two</i> and <i>three</i> with effect from the first day of July, 1946, except in so far as they relate to excess profits duty for the period of assessment ended on the thirtieth day of June, 1946, or any prior period of assessment.
Act No. 34 of 1942.	The Income Tax Act, 1942.	Section <i>twenty-two</i> with effect from the first day of July, 1946, except in so far as it relates to excess profits duty for the period of assessment ended on the thirtieth day of June, 1946, or any prior period of assessment.
Act No. 40 of 1942.	The Special Taxation Act, 1942.	So much as is unrepealed: Chapter I with effect from the first day of July, 1946, except in so far as it relates to trade profits special levy for the period of assessment ended on the thirtieth day of June, 1946, or any prior period of assessment; Chapter III with effect from the first day of March, 1947; Chapter IV, in so far as it relates to trade profits special levy, as provided in the case of Chapter I, and in so far as it relates to fixed property profits tax, with effect from the first day of March, 1947.

die voorbehoudsbepaling by sub-artikel (13) van artikel *vyf-en-vyftig* van die Inkomstebelastingwet, 1941 (Wet No. 31 van 1941) 'n opgawe tot op 'n ander datum aangeneem het ten opsigte van die tydperk van aanslag wat op eersgenoemde datum geëindig het, die datum tot op welke die opgawe aldus aangeneem is.

(5) 'n Ontbinding op of na die agt-en-twintigste dag van Februarie 1947 van 'n transaksie soos in artikel *vyf-en-twintig* van die Spesiale Belastingwet, 1942 (Wet No. 40 van 1942) omskryf, wat voor daardie datum aangegaan is, word vir die doeleindes van winsbelasting op vasgoed buite rekening gelaat, en belastingpligtigheid ten aansien van bedoelde belasting word vasgestel en die belasting gein asof die ontbinding nie bewerkstellig is nie, tensy die Kommissaris oortuig word dat die ontbinding nie bewerkstellig is nie ten einde belastingpligtigheid te vermy ten aansien van enige belasting wat deur genoemde Wet ten opsigte van 'n aldus ontbonde transaksie opgelê word.

5. Soveel van die bedrag wat in elke opeenvolgende tydperk van twaalf maande vanaf die eerste dag van April 1947 ten opsigte van oorwinsbelasting, spesiale belasting op bedryfswinste en winsbelasting op vasgoed gein word, as wat meer bedra dan die bedrag van so 'n belasting wat in die onderhawige tydperk terugbetaal is, word op krediet van die leningsrekening inbetaal, en soveel van die aldus terugbetaalde bedrag as wat meer bedra dan die bedrag van so 'n belasting wat aldus in so 'n tydperk gein is, word by wyse van restitusie uit lopende leningsontvangste betaal.

Oorbetalings aan en uit leningsrekening.

6. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Spesiale Belasting, Kort titel. 1947.

Bylae.

No. en jaar van Wet.	Kort titel.	Vir hoever herroep en datum van herroeping.
Wet No. 25 van 1940.	Die Inkomstebelastingwet, 1940.	Artikels <i>nege</i> tot en met <i>agtien</i> en artikel <i>vier-en-twintig</i> , met ingang vanaf die eerste dag van Julie 1946, behalwe vir sover hul betrekking het op oorwinsbelasting vir die tydperk van aanslag wat op die dertigste dag van Junie 1946 geëindig het, of op 'n vorige tydperk van aanslag.
Wet No. 34 van 1940.	Die Addisionele Belastingwet, 1940.	Soveel as wat nie herroep is nie, met ingang vanaf die eerste dag van Julie 1946, behalwe vir sover dit betrekking het op oorwinsbelasting vir die tydperk van aanslag wat op die dertigste dag van Junie 1946 geëindig het, of 'n vorige tydperk van aanslag.
Wet No. 46 van 1941.	Die Spesiale Belastingwet, 1941.	Artikels <i>twee</i> en <i>drie</i> , met ingang vanaf die eerste dag van Julie 1946, behalwe vir sover hul betrekking het op oorwinsbelasting vir die tydperk wat op die dertigste dag van Junie 1946 geëindig het, of 'n vorige tydperk van aanslag.
Wet No. 34 van 1942.	Die Inkomstebelastingwet, 1942.	Artikel <i>twee-en-twintig</i> , met ingang vanaf die eerste dag van Julie 1946, behalwe vir sover dit betrekking het op oorwinsbelasting vir die tydperk van aanslag wat op die dertigste dag van Junie 1946 geëindig het, of 'n vorige tydperk van aanslag.
Wet No. 40 van 1942.	Die Spesiale Belastingwet, 1942.	Soveel as wat nie herroep is nie : Hoofstuk I met ingang vanaf die eerste dag van Julie 1946, behalwe vir sover dit betrekking het op die spesiale belasting op bedryfswinste vir die tydperk van aanslag wat op die dertigste dag van Junie 1946 geëindig het, of 'n vorige tydperk van aanslag; Hoofstuk III, met ingang vanaf die eerste dag van Maart 1947; Hoofstuk IV, vir sover dit betrekking het op die spesiale belasting op bedryfswinste, soos in die geval van Hoofstuk I bepaal, en vir sover dit betrekking het op die winsbelasting op vasgoed, met ingang vanaf die eerste dag van Maart 1947.

No. and year of law.	Short title.	Extent and date of repeal.
Act No. 31 of 1943.	The Special Taxation Amendment Act, 1943.	Sections <i>three</i> , <i>four</i> and <i>eight</i> with effect from the first day of July, 1946, except in so far as they relate to excess profits duty or trade profits special levy for the period of assessment ended on the thirtieth day of June, 1946, or any prior period of assessment. Sections <i>thirteen</i> to and including <i>twenty-two</i> with effect from the first day of March, 1947.
Act No. 39 of 1944.	The Special Taxation Act, 1944.	Section <i>thirteen</i> with effect from the first day of March, 1947.
Act No. 37 of 1945.	The Special Taxation Amendment Act, 1945.	So much as is unrepealed: Sections <i>one</i> and <i>two</i> with effect from the first day of July, 1946, except in so far as they relate to excess profits duty for the period of assessment ended on the thirtieth day of June, 1946, or any prior period of assessment; Sections <i>seven</i> to and including <i>fourteen</i> with effect from the first day of March, 1947.
Act No. 54 of 1946.	The Special Taxation Amendment Act, 1946.	Chapters I and II, with effect from the first day of July, 1946, except in so far as they relate to excess profits duty or trade profits special levy for the period of assessment ended on the thirtieth day of June, 1946, or any prior period of assessment. Chapter III with effect from the first day of March, 1947.

No. 30, 1947.]

ACT

To amend the War Measures Act, 1940, and to repeal the War Measures (Amendment) Act, 1940.

(*Afrikaans Text signed by the Governor-General.*)
(Assented to 3rd June, 1947.)

BE IT ENACTED by the King's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

Repeal of sections *1bis* and 2 of and the Schedule to Act 13 of 1940, and of Act 32 of 1940.

1. (1) Sections *one bis* and *two* of and the Schedule to the War Measures Act, 1940, and the War Measures (Amendment) Act, 1940, are hereby repealed, subject to the provisions of sub-section (2).

(2) Any regulation made under section *one bis* of the War Measures Act, 1940, any regulation promulgated by any proclamation validated by section *two* of the said Act, and any notice so validated, which is in force at the date of commencement of this Act, shall, subject to the provisions of sub-section (3), continue to be in force for a period of twelve months as from the first day of July, 1947.

(3) Notwithstanding the provisions of sub-sections (1) and (2), the Governor-General may repeal any regulation or notice referred to in sub-section (2), before the expiry of the period therein referred to.

Amendment of title of Act 13 of 1940, as amended by section 4 of Act 32 of 1940.

2. The title of the War Measures Act, 1940, is hereby amended by the deletion of the words before the words "to indemnify".

Short title.

3. This Act shall be called the War Measures Repeal Act, 1947.

No. en jaar van Wet.	Kort titel.	Vir hoever herroep en datum van herroeping.
Wet No. 31 van 1943.	Die Wysigingswet op Spesiale Belastinge, 1943.	Artikels <i>drie</i> , <i>vier</i> en <i>agt</i> , met ingang vanaf die eerste dag van Julie 1946, behalwe vir sover hul betrekking het op oorwinstbelasting of die spesiale belasting op bedryfswinste vir die tydperk van aanslag wat op die dertigste dag van Junie 1946 geëindig het, of 'n vorige tydperk van aanslag. Artikels <i>dertien</i> tot en met <i>twee-en-twintig</i> , met ingang vanaf die eerste dag van Maart 1947.
Wet No. 39 van 1944.	Die Spesiale Belastingwet, 1944.	Artikel <i>dertien</i> , met ingang vanaf die eerste dag van Maart, 1947.
Wet No. 37 van 1945.	Die Wysigingswet op Spesiale Belastinge, 1945.	Soveel as wat nie herroep is nie : Artikels <i>een</i> en <i>twee</i> , met ingang vanaf die eerste dag van Julie 1946, behalwe vir sover hul betrekking het op oorwinstbelasting vir die tydperk van aanslag wat op die dertigste dag van Junie 1946 geëindig het, of 'n vorige tydperk van aanslag; Artikels <i>sewe</i> tot en met <i>veertien</i> , met ingang vanaf die eerste dag van Maart 1947.
Wet No. 54 van 1946.	Die Wysigingswet op Spesiale Belastinge, 1946.	Hoofstukke I en II, met ingang vanaf die eerste dag van Julie 1946, behalwe vir sover hul betrekking het op oorwinstbelasting of die spesiale belasting op bedryfswinste vir die tydperk van aanslag wat op die dertigste dag van Junie 1946 geëindig het, of 'n vorige tydperk van aanslag. Hoofstuk III, met ingang vanaf die eerste dag van Maart 1947.

No. 30, 1947.]

WET

Tot wysiging van die Wet op Oorlogsmaatreëls, 1940, en tot herroeping van die Oorlogsmaatreëls-Wysigingswet, 1940.

(Afrikaanse Teks deur die Goewerneur-generaal geteken.)
(Goedgekeur op 3 Junie 1947.)

DIT WORD BEPAAL deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

1. (1) Onderworpe aan die bepalinge van sub-artikel (2), word artikels *een bis* en *twee* en die Bylae van die Wet op Oorlogsmaatreëls, 1940, asook die Oorlogsmaatreëls-Wysigingswet, 1940, hiermee herroep.

Herroeping van artikels *1bis* en *2* en die Bylae van Wet 13 van 1940, en van Wet 32 van 1940.

(2) 'n Regulasie kragtens artikel *een bis* van die Wet op Oorlogsmaatreëls, 1940, uitgevaardig, 'n regulasie by 'n deur artikel *twee* van genoemde Wet bekragtigde proklamasie uitgevaardig, en 'n aldus bekragtigde kennisgewing, wat op die datum van die inwerkingtreding van hierdie Wet van krag is, bly, behoudens die by sub-artikel (3) bepaalde, van krag vir 'n tydperk van twaalf maande vanaf die eerste dag van Julie 1947.

(3) Die Goewerneur-generaal kan, ondanks die by sub-artikels (1) en (2) bepaalde, 'n in sub-artikel (2) bedoelde regulasie of kennisgewing, voor verloop van die daarin bedoelde tydperk herroep.

2. Die titel van die Wet op Oorlogsmaatreëls, 1940, word hierby gewysig deur die woorde voor die woorde „om die Regering”, te skrap.

Wysiging van titel van Wet 13 van 1940, soos gewysig deur artikel 4 van Wet 32 van 1940.

3. Hierdie Wet heet die Wet tot Herroeping van Oorlogsmaatreëls, 1947.

Kort titel.

No. 31, 1947.]

ACT

To amend the Disability Grants Act, 1946.

(English Text signed by the Governor-General.)
(Assented to 2nd June, 1947.)

BE IT ENACTED by the King's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

Amendment of
section 1 of
Act 36 of
1946.

1. Section *one* of the Disability Grants Act, 1946 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution in the definition of "district pension officer" for the words after the word "section" of the words "*two bis*".

Insertion of
sections *2bis*
and *2ter* in
Act 36 of
1946.

2. The following sections are hereby inserted in the principal Act, after section *two* :

"District
pension
officers.

2bis. The Minister may designate officers of the public service to be district pension officers for specified areas, whose functions shall be—

- (a) to receive and register applications for grants under this Act ;
- (b) to investigate such applications ;
- (c) to submit such applications with their reports thereon to the Secretary ;
- (d) to investigate any matter which may have a bearing upon a grant and to submit a report thereon to the Secretary ;
- (e) to perform such other duties as may be imposed upon them by this Act or by the Minister.

Powers
of district
pension
officers.

2ter. (1) Every district pension officer may take evidence for the purpose of enquiring into any matter falling within his functions under this Act, and for that purpose may subpoena witnesses, require the production of any book, record, or document relevant to such enquiry, administer an oath or affirmation to any witness and examine him and any such book, record or document.

(2) A subpoena for the attendance before a district pension officer or for the production of any book, record or document, shall correspond, as nearly as practicable, with the form set out in the Schedule to this Act, shall be signed by the district pension officer and shall be served either by registered letter sent through the post or by delivery to the person subpoenaed, by any person whom the district pension officer has authorized to effect such service, or in the same manner as it would be served if it were a subpoena issued by a magistrate's court.

(3) Every person who, without lawful excuse (the onus of proving which shall be upon him), fails to attend at the time and place mentioned in any subpoena served upon him in terms of sub-section (2) or fails to produce any book, record or document in terms of any such subpoena, or refuses to be sworn or to make an affirmation when required to do so under sub-section (1), or when being examined under sub-section (1) refuses to answer, fully and satisfactorily, any question lawfully put to him shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred pounds : Provided that every person so subpoenaed shall be entitled to all the privileges to which a witness subpoenaed to give evidence before a provincial division of the Supreme Court is entitled.

(4) Any witness who, after having been duly sworn, or after having made an affirmation, gives

No. 31, 1947.]

WET

Tot wysiging van die Wet op Ongeskiktheidstoelaes, 1946.

(Engelse Teks deur die Goewerneur-generaal geteken.)
(Goedgekeur op 2 Junie 1947.)

DIT WORD BEPAAL deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, as volg:—

1. Artikel een van die Wet op Ongeskiktheidstoelaes, 1946 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur in die woordbepaling van „distrikspensioenbeampte” die woorde na die woord „artikel” deur die woorde „*twee bis*” te vervang.

Wysiging van artikel 1 van Wet 36 van 1946.

2. Die volgende artikels word hierby na artikel *twee* van die Hoofwet ingevoeg:

Invoeging van artikels 2bis en 2ter in Wet 36 van 1946.

„Distrikspensioenbeamptes. 2bis. Die Minister kan amptenare in die staatsdiens as distrikspensioenbeamptes vir bepaalde gebiede aanwys om die volgende werksaamhede te verrig, naamlik—

- (a) om aanvrae om toelaes kragtens hierdie Wet te ontvang en te registreer;
- (b) om sulke aanvrae te ondersoek;
- (c) om sulke aanvrae mei hul verslae daaromtrent aan die Sekretaris voor te lê;
- (d) om enige saak wat op 'n toelae betrekking kan hê te ondersoek en om 'n verslag daarvoor aan die Sekretaris voor te lê;
- (e) om sodanige ander werksaamhede te verrig as wat hierdie Wet of die Minister aan hul mag oplê.

Bevoegd-
hede van
distrik-
pensioen-
beamptes.

2ter. (1) Elke distrikspensioenbeampte kan getuienis afneem ten einde enige saak wat binne sy werksaamhede kragtens hierdie Wet val, te ondersoek, en vir daardie doel kan hy getuies dagvaar, die oorlegging van enige boek, aantekening of dokument wat op die ondersoek betrekking het gelas, aan 'n getuie die eed oplê of van hom 'n bevestiging afneem en hom ondervra en so 'n boek, aantekening of dokument ondersoek.

(2) 'n Dagvaarding om voor 'n distrikspensioenbeampte te verskyn of om 'n boek, aantekening of dokument oor te lê, stem sover doenlik ooreen met die vorm vervat in die Bylae by hierdie Wet, word geteken deur die distrikspensioenbeampte en word gedien òf deur 'n aangetekende brief deur die pos gestuur, òf deur aflewering aan die gedagvaarde persoon deur iemand wat die distrikspensioenbeampte gemagtig het om die diening te verrig, òf op dieselfde manier waarop dit gedien sou word as dit 'n deur 'n magistraatshof uitgereikte dagvaarding was.

(3) Elkeen wat sonder wettige verontskuldiging (waarvan die bewyslas op hom rus) in gebreke bly om op die tyd en plek aangegee in 'n dagvaarding wat kragtens sub-artikel (2) op hom gedien is, te verskyn, of in gebreke bly om 'n boek, aantekening of dokument ingevolge so 'n dagvaarding oor te lê, of weier om die eed af te lê of 'n bevestiging te maak wanneer hy kragtens sub-artikel (1) daartoe gelas word, of wanneer hy kragtens sub-artikel (1) ondervra word, weier om 'n wettiglik aan hom gestelde vraag ten volle en op bevredigende wyse te beantwoord, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens honderd pond: Met dien verstande dat 'n aldus gedagvaarde persoon geregtig is op al die voorregte waarop 'n getuie wat gedagvaar is om in 'n provinsiale afdeling van die Hooggeregshof getuienis af te lê, geregtig is.

(4) Elke getuie wat nadat hy die eed afgelê het of 'n bevestiging gemaak het, valse getuienis voor

false evidence before a district pension officer on any matter relevant to the enquiry, knowing such evidence to be false, shall be guilty of perjury."

Substitution of section 12 of Act 36 of 1946.

3. The following section is hereby substituted for section *twelve* of the principal Act :

"Application of certain provisions of Act 22 of 1928. 12. Sub-section (3) of section *two* of the Old Age Pensions Act, 1928, shall be construed as if any reference therein to an application for a pension, or to a pension, included a reference to an application for a grant, or to a grant, under this Act."

Addition of Schedule to Act 36 of 1946.

4. The Schedule to this Act is hereby added as a Schedule to the principal Act.

Short title.

5. This Act shall be called the Disability Grants Amendment Act, 1947.

" Schedule.

Subpoena to appear before the district pension officer.

To A.B.

You are hereby summoned to appear at..... upon the..... day of.....19..... at.....o'clock, before the district pension officer to give evidence respecting..... and you are required to bring with you.....

Given under my hand this.....day of..... 19.....

..... District Pension Officer."

'n distrikspensioenbeampte afê omtrent enige saak wat op die ondersoek betrekking het, met wete dat daardie getuienis vals is, is aan meined skuldig."

3. Artikel *twaaif* van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang: Vervanging van artikel 12 van Wet 36 van 1946.

„Toepassing van sekere bepalings van Wet 22 van 1928. 12. Sub-artikel (3) van artikel *twee* van die Ouderdomspensioenwet, 1928, word vertolk asof 'n verwysing daarin na 'n aanvraag om 'n pensioen, of na 'n pensioen, ook 'n verwysing na 'n aanvraag om 'n toelae, of na 'n toelae, kragtens hierdie Wet ingehou het."

4. Die Bylae by hierdie Wet word hierby as 'n Bylae by die Hoofwet toegevoeg. Toevoeging van Bylae by Wet 36 van 1946.

5. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Ongeskiktheids- toelaes, 1947. Kort titel.

„Bylae.

Dagvaarding om voor die distrikspensioenbeampte te verskyn.

Aan A.B.

U word hiermee gedagvaar om te verskyn in.....
.....op die.....
dag van.....19.....om.....uur
voor die distrikspensioenbeampte om getuienis af te lê omtrent.....
.....en u word
gelas om met u saam te bring.....
.....

Deur my geteken op hierdie.....dag van.....
19.....

.....
Distrikspensioenbeampte."

No. 32, 1947.]

ACT

To provide for the construction and equipment of certain lines of railway and for matters incidental thereto.

(Afrikaans Text signed by the Governor-General.)
(Assented to 2nd June, 1947.)

BE IT ENACTED by the King's Most Excellent Majesty, the Senate and the House of Assembly of the Union of South Africa, as follows:—

Construction and equipment of certain lines of railway.

1. (1) The Governor-General may, as soon after the commencement of this Act as to him may seem expedient, cause to be constructed and equipped, upon a gauge of three feet six inches, the lines of railway mentioned in column 1 of the Schedule to this Act, of the approximate length set out, as to each line, in column 2 of that Schedule opposite the description of the line in question, and at a gross cost not exceeding, in the case of each line, the amount set out in column 3 of that Schedule opposite the description of the line in question.

(2) The powers by this section conferred shall include powers to construct and equip all sidings, stations, buildings and other appurtenances necessary for or incidental to the proper working of every such line of railway.

(3) The expression "construct and equip", in relation to a line of railway, includes "maintain" while the line is in course of construction and equipment.

Cost of construction and equipment.

2. The cost of the construction and equipment authorized by section *one* shall be defrayed out of any loan raised by the Governor-General under the authority of law and appropriated for that purpose by Parliament, or out of any other moneys so appropriated.

Powers incidental to construction and equipment.

3. In respect of the construction and equipment of the line of railway from Maitland to Observatory authorized by section *one*, the Governor-General shall have the powers conferred by the Railway Expropriation of Lands Ordinance, 1903 (Ordinance No. 20 of 1903), of the Province of the Transvaal, and in respect of the construction and equipment of the other line of railway authorized by that section the Governor-General shall have the powers conferred by the Railway Expropriation of Lands Ordinance, 1903 (Ordinance No. 46 of 1903), of the Province of the Orange Free State, subject in each case to the obligations imposed by either of the said Ordinances: Provided that the width of the land taken shall not exceed one hundred Cape feet for the construction of each line, together with such additional land as may be required for the slopes, cuttings, drainage, stations, approach roads and other works and matters which may be necessary for the purposes of each line.

Intersection of streets, roads and railways.

4. (1) At all places where any line of railway mentioned in the Schedule to this Act intersects any street or road or railway, the Governor-General may cause such line of railway to be carried across the street or road or railway either by level crossing or by means of a suitable bridge, or may cause the street or road or railway to be carried across or under that line of railway by means of a suitable bridge or subway.

(2) At all places where any such line of railway runs in the same direction as any street or road, the Governor-General may, with the consent of the road authority concerned, cause such line of railway to be carried along that street or road for such distance and subject to such conditions and with such safeguards as may be agreed upon between the Governor-General and the said road authority.

Settlement of disputes arising as to compensation.

5. Should any dispute arise as to the compensation to be paid by reason of the exercise of the powers referred to in section *three* in connection with the construction and equipment of any line of railway mentioned in the Schedule to this Act, the dispute shall be determined in accordance with the second proviso to paragraph (a) of section *three* of the Railways and Harbours Regulation, Control and Management Act, 1916 (Act No. 22 of 1916), as amended from time to time.

Short title.

6. This Act shall be called the Railway Construction Act, 1947.

WET

Om voorsiening te maak vir die aanleg en uitrusting van sekere spoorlyne en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(Afrikaanse Teks deur die Goewerneur-generaal geteken.)
(Goedgekeur op 2 Junie 1947.)

DIT WORD BEPAAL deur Sy Majesteit die Koning, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika, soos volg:—

1. (1) Die Goewerneur-generaal kan, so spoedig na die inwerkingtreding van hierdie Wet as wat hy doenlik ag, die in kolom 1 van die Bylae by hierdie Wet vermelde spoorlyne, van 'n spoorwydte van drie voet ses duim, en van die benaderde lengte wat ten opsigte van elke lyn in kolom 2 van daardie Bylae teenoor die beskrywing van die betrokke lyn vermeld word, en teen 'n bruto-koste, in die geval van elke lyn, van hoogstens die bedrag wat in kolom 3 van daardie Bylae teenoor die beskrywing van die betrokke lyn vermeld word, laat aanlê en uitrus.

Aanleg en uitrusting van sekere spoorlyne.

(2) Die bevoegdhede by hierdie artikel verleen, sluit bevoegdhede in om alle sylyne, stasies, geboue en ander toebehore wat vir die behoorlike eksplorasie van elke sodanige spoorlyn nodig word of daarmee in verband staan, aan te lê en uit te rus.

(3) Die uitdrukking „aanlê en uitrus”, met betrekking tot 'n spoorlyn, omvat „in stand hou” onderwyl die lyn aangelê en uitgerus word.

2. Die by artikel een gemagtigde koste van aanleg en uitrusting word uit 'n lening deur die Goewerneur-generaal kragtens wetlike magtiging aangegaan en vir daardie doel deur die Parlement bewillig, of uit ander aldus bewilligde gelde, bestry.

Koste van aanleg en uitrusting.

3. Ten opsigte van die aanleg en uitrusting van die spoorlyn van Maitland na Observatory waarvoor artikel een magtiging verleen, het die Goewerneur-generaal die bevoegdhede verleen by die „Railway Expropriation of Lands Ordinance, 1903” (Ordonnansie No. 20 van 1903) van die Provinsie Transvaal, en ten opsigte van die aanleg en uitrusting van die ander spoorlyn waarvoor daardie artikel magtiging verleen, het die Goewerneur-generaal die bevoegdhede verleen by die „Railway Expropriation of Lands Ordinance, 1903” (Ordonnansie No. 46 van 1903) van die Provinsie Oranje-Vrystaat, maar onderhewig in elke geval aan die by die een of die ander van daardie Ordonnansies opgelegde verpligtings: Met dien verstande dat die breedte van die grond wat geneem word nie meer mag wees nie as honderd Kaapse voet vir die aanlê van elke lyn, met soveel verdere grond as wat benodig mag word vir die hellings, deurgrawings, dreinerings, stasies, toegangspaaie en ander werke en aangeleenthede wat vir die doeleindes van elke lyn nodig mag wees.

Bevoegdhede wat met aanleg en uitrusting in verband staan.

4. (1) Op alle plekke waar 'n spoorlyn vermeld in die Bylae by hierdie Wet 'n straat, pad of spoorweg deursny, kan die Goewerneur-generaal so 'n spoorlyn oor die straat, pad of spoorweg deur middel van of 'n gelykgrondse oorgang of 'n geskikte brug laat lê, of kan hy die straat, pad of spoorlyn oor of onder daardie spoorweg deur middel van 'n geskikte brug of duikweg laat loop.

Deursnyding van strate, paaie en spoorweë.

(2) Op alle plekke waar so 'n spoorlyn dieselfde rigting volg as 'n straat of pad, kan die Goewerneur-generaal met toestemming van die betrokke padbestuur so 'n spoorlyn langs daardie straat of pad laat lê oor so 'n afstand en op sulke voorwaardes en met sulke veiligheidsmaatreëls as wat die Goewerneur-generaal en die padbestuur onderling mag bepaal.

5. As daar 'n geskil ontstaan aangaande die vergoeding wat betaal moet word uit hoofde van die uitoefening van die in artikel drie bedoelde bevoegdhede in verband met die aanleg en uitrusting van enige spoorlyn wat in die Bylae by hierdie Wet vermeld word, word die geskil besleg ooreenkomstig die tweede voorbehoudsbepaling by paragraaf (a) van artikel drie van die „Spoorwegaanlegwet, 1916” (Wet No. 22 van 1916), soos van tyd tot tyd gewysig.

Beslegting van geskille in verband met skadevergoeding.

6. Hierdie Wet heet die Spoorwegaanlegwet, 1947.

Kort titel.

Schedule.

LINES OF RAILWAY AUTHORIZED BY SECTION ONE.

Column 1. Description of Line.	Column 2. Approximate Length.	Column 3. Estimated Cost.
	Miles.	£
From Maitland to Observatory (Province of the Cape)8	43,645
From the new marshalling yard at Bloemfontein to a junction at Bloemspruit on the main line between Bloemfontein and Bethlehem (Province of the Orange Free State)	3.85	88,092

Bylae.

SPOORLYNE GEMAGTIG BY ARTIKEL EEN.

Kolom 1. Beskrywing van lyn.	Kolom 2. Benaderde lengte.	Kolom 3. Gesaamde koste.
	Myl.	£
Van Maitland na Observatory (Kaap- provinsie)8	43,645
Van die nuwe opstellingsterrein op Bloemfontein na 'n aansluiting op Bloemspruit aan die hooflyn tussen Bloemfontein en Bethlehem (Pro- vinsie die Oranje-Vrystaat)	3.85	88,092